



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

DRAMATIESE KUNSTE

PUNTE: 150

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SLEGS vrae wat op die dramatekste wat jy bestudeer het, van toepassing is.
2. Leestyd van 15 minute word voor die aanvang van die eksamen toegeken.
3. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:
AFDELING A: 30 punte
AFDELING B: 40 punte
AFDELING C: 40 punte
AFDELING D: 40 punte
4. AFDELING A is VERPLIGTEND.
VRAAG 1: Teater van Realisme (**ONDERWERP 1 en 2**)
5. AFDELING B is VERPLIGTEND.
VRAAG 2: Suid-Afrikaanse Teater (**ONDERWERP 4 en 5**)
6. AFDELING C: Kontemporêre Pan-Afrikaanse Teater OF
Elizabethaanse Teater OF
Teater van die Verre-Ooste OF
Kontemporêre Amerikaanse Teater OF
Ekspressionistiese Teater
7. VRAAG 3: Kontemporêre Pan-Afrikaanse Teater (KEUSE-VRAAG)
OF
VRAAG 4: Elizabethaanse Teater OF
VRAAG 5: Teater van die Verre-Ooste OF
VRAAG 6: Kontemporêre Amerikaanse Teater OF
VRAAG 7: Ekspressionistiese Teater OF
8. AFDELING D is VERPLIGTEND.
VRAAG 8: Die Geskiedenis van Teater
9. AFDELING E: Praktiese werk en refleksie
Beantwoord SLEGS EEN vraag uit die volgende vrae:
VRAAG 9: Stem en fisiese werk OF
VRAAG 10: Stem en fisiese werk OF
VRAAG 11: Die rol van die Regisseur OF
VRAAG 12: Die rol van die Ontwerper
11. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
12. Hou in gedagte die puntetoekenning aan 'n vraag om die lengte van jou antwoord te bepaal.
13. Gebruik jou klaskamer kennis, sowel as onafhanklike en kreatiewe denke om die vrae te beantwoord.
14. Skryf netjies en leesbaar.
15. Trek 'n lyn na elke afdeling.

AFDELING A: TEATER VAN REALISME

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

VRAAG 1

Let asseblief dat die toneelteks wat jy vir die beantwoording van hierdie afdeling kies, nie weer met die beantwoording van enige ander vrae wat volg, gebruik mag word nie. Byvoorbeeld, indien jy 'n Suid-Afrikaanse toneelteks kies om hierdie vraag (VRAAG 1) te beantwoord, mag jy nie dieselfde toneelteks gebruik om VRAAG 2 te beantwoord nie. Beantwoord elke vraag op 'n **ander toneelstuk** wat jy bestudeer het.

Lees die volgende gedagte en beantwoord die vraag wat volg.

Drama het die ingebore vermoë om mense te transformeer. Transformasie kan slegs plaasvind as die gehoor met die optrede kan identifiseer; wanneer hulle elemente van hul eie lewens in die optrede raaksien. Daarom kan 'n mens sê dat drama die gemeenskap weerspieël; dit wat die werklikheid is reflekteer.

[Bron: Eksaminator]

In die vorm van 'n opstel, verwys na die toneelteks wat jy hierdie jaar bestudeer het en bewys die bogenoemde stelling. Stel dit duidelik of jy daarmee saamstem of nie.

Verwys na DRIE van die volgende sleutel-elemente in jou opstel om jou antwoord te staaf:

- Sosio-politiese konteks van dramateks
- Karakters
- Toneelplasing (setting)
- Intrige
- Temas
- Motiewe

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

VRAAG 2

LET WEL: Kies 'n ander toneelteks vir elke vraag wat jy beantwoord.

- 2.1 Benoem die toneelstuk sowel as die dramaturg van die Suid-Afrikaanse toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het. (2)
- 2.2 Wat is die sosio-politieke konteks van die toneelstuk wat jy bestudeer het? Gebruik voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te staaf. (8)
- 2.3 Watter tipe verhoog sal effektief wees vir die toneelstuk wat jy bestudeer het? Verduidelik jou antwoord. (4)
- 2.4 Kies 'n hoofkarakter uit die toneelstuk wat jy bestudeer het en skryf kort notas waarin jy hom/haar beskryf. Maak seker dat jy sielkundige sowel as fisiese aspekte van die karakter insluit. (8)
- 2.5 Verduidelik die volgende terme wat relevant tot Suid-Afrikaanse Teater is:
- 2.5.1 Agitprop (2)
 - 2.5.2 Calvinisme (2)
 - 2.5.3 Alternatiewe Teater (2)
 - 2.5.4 Versoeningsteater (2)
 - 2.5.5 Weerstandsteater (2)
 - 2.5.6 Fisieke Teater (2)
- 2.6 In 'n paragraaf, bespreek die doel van Gemeenskapsteater. (6)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: Kontemporêre Pan-Afrika Teater **OF**
 Elizabethaanse Teater **OF**
 Teater van die Verre Ooste **OF**
 Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**
 Ekspressionistiese Teater

Beantwoord SLEGS die vraag wat gebaseer is op die toneelstuk en teaterstyl wat jy bestudeer het.

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE PAN-AFRIKA TEATER

Beantwoord hierdie vraag deur na die kontemporêre Pan-African toneelstuk wat jy bestudeer het, te verwys.

- 3.1 Lees die onderstaande uittreksel oor Afrika Teater deur Mzo Sirayi en beantwoord die vrae wat volg.

... die gemeenskapsaspek, 'n kollektiewe werking in 'n simboliese taal van vrese, hoop en wense van 'n organiese gemeenskap, die paai van die gode (die natuurlike elemente) en 'n plek vir die dooies wat kollektief opgeroep word om vir die lewendes voorbidding te doen. Daar is geen behoorlike 'teks' nie en daarom geen enkele skrywer nie, somtyds ook nie eers 'n behoorlike gehoor nie aangesien die gehoor ondefinieërbaar is omdat hulle voortdurend met die akteurs meng.

[Bron: Nkosi 1981:176]

- 3.1.1 Is werkwinkel 'n algemene manier vir die meeste Afrika-groepe om teaterproduksies te skep? Motiveer jou antwoord. (3)
- 3.1.2 Bespreek die gebruik van ruimte in Afrika Teater. (5)
- 3.1.3 Wat verstaan jy onder die term *orale tradisie*? (3)
- 3.1.4 Lewer kommentaar op die gehoor se betrokkenheid in 'n Afrika Teater optrede. (6)
- 3.1.5 Is dit waar dat die meeste Afrika optredes altyd die aanbidding van gode insluit?
 Neem die intrige van die Afrika Teaterteks wat jy bestudeer het in ag om jou antwoord te staaf. (10)
- 3.2 Noem DRIE karaktereienskappe van Afrika-Teater. (3)
- 3.3 Kies 'n toneel uit die toneelstuk wat jy bestudeer het en skryf notas oor hoe jy dit op die verhoog sal aanbied. Neem die aanbiedingskonvensies van Afrika-Teater in jou antwoord in ag. (10)

[40]

OF

VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER

Beantwoord hierdie vraag deur na die Elizabethaanse toneelstuk wat jy bestudeer het, te verwys.

- 4.1 Die Elizabethaanse mense het in 'n antieke filosofie geglo, die Bestaanshiërargie ("Chain of Being") wat sy oorsprong in die Middeleeuse feodale sisteem gehad het.

Skryf 'n kort paragraaf waarin jy die konsep, die doel en die redenasie agter die sisteem verduidelik.

(4)

- 4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

Die Elizabethaanse mense het die Middeleeuse geloof aangeneem dat die menslike liggaam vier temperamente (humours) of vloeistowwe bevat wat deur die inname van sekere kossoorte gevorm word. Indien daar 'n oormaat van 'n sekere temperament (humour) is, veroorsaak dit 'n wanbalans in die persoon.

[Bron: *Via Afrika Dramatiese Kunste Graad 11*]

(8)

Kies EEN karakter uit die Elizabethaanse toneelstuk wat jy bestudeer het wat 'n oormaat van 'n sekere temperament (humour) het. Skryf die naam van die toneelstuk, die naam van die karakter sowel as die temperament (humour) wat jy gekies het neer en motiveer jou keuse deur te verduidelik hoe die temperament (humour) die karakter affekteer.

(2)


- 4.3 Bespreek die verwagte vereistes van 'n Elizabethaanse akteur.

(5)

- 4.4 Bespreek EEN tema wat voorkom in die Elizabethaanse toneelstuk wat jy bestudeer het. Verwys na relevante voorbeelde om jou antwoord te staaf.

(8)

4.5 Bestudeer die onderstaande bron en beantwoord die vrae wat volg.



4.5.1 Verduidelik ten minste DRIE maniere waarop ingange en uitgange geskep was. (3)

4.5.2 Wat was die doel van die ruskamers (tiring rooms)? (2)

4.5.3 Indien die koningin 'n vertoning by Die Globe sou bywoon, waar sou sy sit? Motiveer jou antwoord deur die uitleg van die sitplek-reëlins in die teater te bespreek. (4)

4.6 Verduidelik waarom 'n vertoning op hierdie verhoog NIE as Realisme geklassifiseer kan word NIE. (4)

[40]

OF

VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE-OOSTE

Beantwoord hierdie vrae deur na die teater van die Verre Ooste toneelstuk wat jy bestudeer het, te verwys.

- 5.1 Wat is die titel sowel as die naam van die dramaturg van die toneelstuk wat jy bestudeer het? (2)
- 5.2 Skryf 'n kort paragraaf oor die struktuur en die styl van die Kabuki-teater in Japan. (6)
- 5.3 Verduidelik die uitleg van 'n tradisionele Kabuki-teater deur van 'n diagram gebruik te maak. Sluit die uitleg van die verhoog sowel as waar die gehoor sal sit, in. (8)
- 5.4 Noem die twee opskrifte waaronder toneelstukke van Peking Opera gewoonlik geklassifiseer word. (4)
- 5.5 Die gebruik van grimering in teater van die Verre Ooste is baie belangrik. Bespreek die gebruik van grimering in Sjiniese teater. (10)
- 5.6 Bespreek in 'n kort opstel die gebruik van ruimte en tyd in die toneelstuk wat jy bestudeer het. Verwys na hoe die gebruik van hierdie elemente bydra tot die betekenis en temas van die toneelstuk. (10)
- [40]**

OF

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER

Beantwoord hierdie vraag deur te verwys na die Amerikaanse teater toneeltekste wat jy hierdie jaar bestudeer het.

- 6.1 Skryf die titel sowel as die dramaturg neer van die Kontemporêre Amerikaanse teater toneelstuk wat jy bestudeer het. (2)
- 6.2 Kies 'n toneel uit die toneelstuk wat jy bestudeer het en teken 'n vloerplan van die toneel. Maak seker dat jy duidelike byskrifte (labels) van enige akteurs, meubels en/of rekwisiete insluit. (10)
- 6.3 Skryf VYF elemente van die Amerikaanse Musiekblyspel libretto/bladmusiek neer en verduidelik dit. (15)
- 6.4 Dink jy dat Kontemporêre Amerikaanse teater van toepassing is op Suid-Afrikaanse gehore? Motiveer jou antwoord. (8)
- 6.5 Maak 'n lys van DRIE redes hoekom die vervaardiging van musiekblyspele so duur is. (3)
- 6.6 Verduidelik die term "*Broadway*". (2)
- [40]**

OF

VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag deur te verwys na die Ekspressionistiese toneelstuk wat jy bestudeer het.

- 7.1 Wat was die oorsaak van die ontstaan van Ekspressionistiese teater? (2)
- 7.2 Wie was die vader van psigo-analise wat met die Ekspressionistiese teaterbeweging geassosieer word? (2)
- 7.3 Bespreek die algemene struktuur van 'n Ekspressionistiese toneelstuk. (6)
- 7.4 Hoe word jou standpunt soos beantwoord in VRAAG 7.3 in die toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het, uitgedruk? Gebruik die toneelstuk as 'n voorbeeld in jou antwoord. (10)
- 7.5 Kies 'n toneel uit die toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het. Skryf regisseursnotas aan jou akteurs wat sal bydra sodat die aanbieding onder die term Ekspressionisme kan pas. (10)
- 7.6 Neem die plasing (setting) van die toneelstuk wat jy bestudeer het sowel as die ontwerp-elemente daarvan in ag en beantwoord die volgende vraag.
- Wat is die visuele elemente wat in die toneelstuk voorkom wat dit gepas as 'n Ekspressionistiese produksie maak? (10)

[40]**TOTAAL AFDELING C: 40**

AFDELING D: TEATER GESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

VRAAG 8

8.1 Bespreek TWEE redes waarom dit so belangrik is om die historiese agtergrond van 'n toneelstuk te bestudeer. (4)

8.2 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Vir hierdie teaterpraktisyn is Afrika, Chinese en die meeste van die Verre Ooste se teater rituele 'n komponent in sy metodes.

8.2.1 Na watter praktisyn verwys die bogenoemde verklaring? (2)

8.2.2 Bespreek hierdie praktisyn se bydrae tot die tegnieke van karakterisering in drama. (6)

8.3 Wat beteken die term, '*konvensies*' in terme van drama? Gee EEN voorbeeld. (3)

8.4 Hoe dra drama daartoe by om die samelewing se siening oor onderwerpe en kwessies waaraan hulle dat op 'n daaglikse basis blootgestel word te verander?

Neem in ag die temas wat in dramas gevind word in jou antwoord. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

AFDELING E: PRAKTIEKSE WERK

Beantwoord SLEGS EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 9: Stem en Fisiese Werk **OF** VRAAG 10: Lewendige vertoning **OF**

VRAAG 11: Die Rol van die Regisseur **OF** VRAAG 12: Die Rol van die Ontwerper

VRAAG 9: STEM EN FISIESE WERK (KEUSE-VRAAG)

- 9.1 Voordat jy in jou dramaklas kan optree, moet jy behoorlik opwarm om jou liggaam en jou stem vir die optrede voor te berei.

Maak 'n lys van VYF redes waarom STEM opwarming so belangrik is. (5)

- 9.2 'n Fisiese opwarming is net so belangrik voor enige optrede kan plaasvind.

Maak 'n lys van VYF redes waarom FISIESE opwarming so belangrik is. (5)

- 9.3 Jou onderwyser het jou gevra om 'n opwarmingsprogram te ontwerp om jou mede-akteurs vir 'n skoolproduksie op te warm. Die opwarming sal aan die begin van 'n repetisie gebruik word en moet fisies- sowel as stem opwarming insluit sodat dit 'n gebalanseerde opwarming vorm wat alle aspekte van die akteur se liggaam insluit.

Ontwerp hierdie program en wees duidelik oor waar 'n mens begin, sowel as wat fisiese werk en wat stemwerk is. (10)
[20]

OF

VRAAG 10: LEWENDIGE OPTREDES

- 10.1 Bespreek die elemente van 'n lewendige optrede.
- 10.2 Verduidelik hoe maskering 'n optrede, positief of negatief, kan beïnvloed.
- 10.3 Jy is gevra om 'n lewendige teater optrede vir jou praktiese assesserings-taak te doen.

Verduidelik hoe die volgende aspekte die optrede sal beïnvloed:

- Ruimte waar optrede moet plaasvind
- Stem
- Energie

Jou antwoord moet jou begrip van die bogenoemde teater-elemente demonstreer sowel as jou kennis oor die vermoë om dit te gebruik.

[20]

OF

VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR

- 11.1 Watter aspekte bepaal hoe 'n regisseur sy keuse maak oor die tipe verhoog wat hy vir 'n produksie gaan gebruik? (4)
- 11.2 Tabuleer DRIE verskille tussen 'n regisseur en 'n verhoogbestuurder. (6)
- 11.3 Noem VIER karakter eienskappe wat voordelig sal wees vir iemand wat 'n regisseur wil wees. (4)
- 11.4 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vraag wat volg.

Nie nou nie, Bernard deur David McKee

"Hallo, Pa," het Bernard gesê.	1
"Nie nou nie, Bernard," het sy pa gesê.	
"Hallo, Ma," het Bernard gesê.	
"Nie nou nie, Bernard," het sy ma gesê.	
"Daar is 'n monster in die tuin en dit gaan my eet," het Bernard gesê.	5
"Nie nou nie, Bernard," het sy ma gesê.	
Bernard het in die tuin ingegaan.	
"Nie nou nie, Bernard," het sy ma gesê.	
Bernard het in die tuin ingegaan.	

Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe jy as regisseur 'n akteur sal aanraai om hierdie uittreksel op te voer.

OF

VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER

- 12.1 Noem die beginsels van ontwerp.
- 12.2 Jy is gevra om 'n plakkaat vir jou tema-program te ontwerp. Beantwoord die volgende vrae gebaseer daarop:
- 12.2.1 Watter inligting moet op die plakkaat wees? (3)
- 12.2.2 Bespreek die doeltreffendheid van die grootte van die plakkaat. (3)
- 12.2.3 Teken 'n uitleg van jou plakkaat en sluit die inligting van jou antwoord vir VRAAG 12.2.1 in. (10)
- [20]**

TOTAAL AFDELING E: 20
GROOTTOTAAL: 150